VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 21
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

24 Julie 2015

Met 'n besige kwartaal wat voorlê, asook die Algemene Sinodesitting wat aan die einde daarvan plaasvind en daar nog soveel dinge hiervoor in plek moet kom, plaas ek die volgende gedagte in julle midde…

1. SINODE VRYSTAAT NUUS:

NUWE SINODALE ARGIEF IS IN AANBOU: Goeie nuus vir almal is dat daar aan die einde van verlede kwartaal begin is met die bou van die Argief- en Inligtingsdiens se nuwe gebou/kluis. Na heelwat onderhandelinge, is daar gedurende 2014 besluit dat dit die beste sal wees om 'n eie Argief te bou op die huidige perseel van die Sinodale Kantoor te Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein. Die bouers beplan om ongeveer einde November 2015 hiermee klaar te wees – *Vrypos* sal van tyd tot tyd vir julle op hoogte hou met foto's van die bouproses, klik gerus **hier** vir 'n paar daarvan.

NB! BEURSE EN LENINGS: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarlikse beurse en lenings toe aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente. **Aansoekvorms** vir beurse en lenings ten opsigte van die **2016 studiejaar**, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. ***Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2015.*** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan studente@ngkvs.co.za. **NB** – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld.***

2. GEMEENTES BIED AAN:

WILDSFEES - NG GEMEENTE BEDELIA: Sien program en klik ook **hier** vir 'n inligtingsbiljet oor die geleentheid wat **vanaf 26 Julie tot 15 Augustus 2015** strek:

- **SONDAG 26 JULIE & 2 AUGUSTUS** is daar na die erediens 'n heerlike outydse "Pie & Gravy" @ R40.
- **VRYDAG 14 AUGUSTUS VANAF 12:00 om 18:00** vind 'n Middagmark plaas – heerlike eetgoed sal te koop wees.
- **VRYDAGAAND 14 AUGUSTUS OM 19:00** 'n Kuieraand met Sop & Sjerrie @R50 en jy staan ook 'n kans om 'n springbok te wen.
- **SATERDAGAAND 15 AUGUSTUS OM 18:00** begin die Wildsfeeskuier in die losies @ R150 per persoon. Kom deel in hierdie fees en kuier heerlik saam om die vure!

Vir enige navrae, kontak gerus die kerkkantoor by 057 352 2340.

NG GEMEENTE VIRGINIA VIER 10 JAAR VAN GENADE: Gedurende 2005 het die Moedergemeente en NG Virginia- Oos een gemeente geword en word hierdie geleentheid met verskeie geleenthede gevier):

- **VRYDAG 31 JULIE**: 'n Musiekaand by kerslig met orrel, klavier, viole en koorsang. Na afloop hiervan, word sop, brood, wyn en biltong geniet.
- **SATERDAG 5 SEPTEMBER:** 'n Ma & dogter/vroue-lentetee met Izak Davel.
- **SONDAG 6 SEPTEMBER**: 'n Genade-lofprysingsdiens met Deon & Alex van Bloemfontein.

- **VRYDAG 23 OKTOBER**: ’n Skemerkelkie met Frank Opperman as ds Tienie Benade.
- Die Feesjaar word op **SONDAG 29 NOVEMBER** afgesluit met ‘n dankseggingsnagmaal en gemeentefunksie.
- **FEESUITGAWE RESEPTEBOEK:** Die 1ste-druk A5 Resepteboeke is reeds uitverkoop – ‘n A4 ringgebinde hersiene feesuitgawe met 510 oorspronklike resepte en 10 spyskaarte met 90 nuwe resepte, is nou beskikbaar @ R150 (pos en verpakking uitgesluit – gratis aflewering in Virginia-omgewing).

Oudlidmate en- leraars van dié gemeente, asook van die oud-gemeente Virginia-Oos, word na hierdie geleenthede uitgenooi. Vir meer navrae hieroor, kontak die skriba, Rika Haasbroek @ 057 212 5524 (k), of vir ds Kobus Vermeulen @ 082 372 6246 / 057 212 9378.

NG NOORDHOEK MARK: Die **NG Gemeente Noordhoek** bied **elke eerste Saterdag van die maand** hierdie mark by hul kerkgebou (geleë te David Fouriestraat, Noordhoek) aan, dus is die volgende mark op **Saterdag 1 Augustus 2015 vanaf 08:00 tot 15:00**. Dit verskil so ‘n bietjie van ander markte en die *Noordhoek Mark* wil bydra tot die *ekonomiese bemagtiging van die gemeenskap* in die noorde van die stad. Daar is twee komponente: enigeen kan **tweedehandse artikels** wat stof by die huis vergader, van die hand kom sit en elkeen wat sy inkomste wil aanvul, kan ‘**n stalletjie** kom opslaan. Enige navrae kan aan ds Zachie le Roux gerig word by 083 799 5911.

NG GEMEENTE PELLISSIER: Hierdie gemeente se **Kosmandjie Ondersteuningsgroep** bied op **Saterdag 1 Augustus 2015 om 13:30** ‘n Bergfietswedren by Brandkop te Bloemwater in Pellissier aan. Vir inskrywings, besoek die webblad, www.fscycling.co.za en vir enige navrae, kontak vir Pieter Herbst @ 082 824 0149.

NG GEMEENTE HUGENOOT: Dié gemeente bied op **Donderdag 13 Augustus 2015 om 18:30** in hul kerkgebou te Bayswater, ‘n werkswinkel aan vir getroudes, verloofdes of enige persoon wat in ‘n verhouding staan. Die werkswinkel se tema is, ***50 Shades of Relationships*** en dit sal handel oor emosionele verhoudings, seks, pornografie, asook tyd vir jou maat. Daar word ook tydens hierdie geleentheid ‘n kabaretopvoering aangebied – bespreek by 051 436 2659 (k), beperkte plek beskikbaar.



NG GEMEENTE STEYNSRUS BIED DIE VOLGENDE OPWINDENDE GELEENTHEID AAN:

3. ANDER GEBEURE IN ONS STREEK:

SEKRETARESSEDAG: Kom bederf jou sekretaresse/skriba/assistent op **Woensdag 2 September 2015**! Dié geleentheid vind vanaf **07:30 vir 08:00** by *The Terrace* – Oliewenhuis (Bloemfontein) plaas en die spreker is die bekende Igno van Niekerk (fotograaf en motiveringspreker). Die koste is R350pp en elke kaartjie sluit 'n heerlike ontbyt, 'n geskenkbewys van R120, sowel as 'n geskenk ter waarde van R50 in! Hierdie spesiale geleentheid word deur EBB (Eenheid vir Bedieningsbegeleiding Netwerk) van die Sinodale Kantoor, aangebied.

Julle moet spring, daar is slegs 'n **beperkte aantal kaartjies beskikbaar** – besprekings kan by Joanie Theron, 051 406 6732 (k) of gemeentes@ngkvs.co.za gedoen word. **INBETALINGS:** NG KERK OVS - ABSA Rek 470 000 406 - Takkode 334-134 **NB! Verwysing: EBB+sekretaresse/skriba/asst se naam** en **stuur asseblief BEWYS VAN BETALING** na gemeentes@ngkvs.co.za met jou besonderhede en die nodige kontaknommers.

SKITTERVROUE - EERSTE NASIONALE VROUEKONFERENSIE IN DIE VRYSTAAT: **Vanaf 25 – 26 September 2015** vind hierdie heerlike geleentheid, spesiaal vir al ons vrouelidmate regoor die land en ook Namibië, by die Bloemfontein Baptiste Kerk plaas. Die tema is, ***Koningin Ester... jou tyd is nou*** (Ester 4:14) en bekende sprekers soos prof Stéphan Joubert, Lindie Strydom, asook Liesel Krause-Wiid tree by dié geleentheid op.

Die koste beloop R250.00pp en meer inligting is ook op die *Facebook*-blad **Skitter Vroue** (https://www.facebook.com/skittervroue?fref=ts) beskikbaar – skakel ook vir Anso Steyn @ 082 773 2612.

Verblyf is by die Oranje Meisieskool se koshuise @ R170pp, ontbyt ingesluit beskikbaar, kontak vir Beneli Pretorius @ 082 648 0653 – **klik hier vir die voorlopige program**.

NG KERK VRYSTAAT JUBELJAAR FOTOKOMPETISIE: Ons herinner weer aan hierdie kompetisie wat op **31 Julie 2015 sluit.** Let asseblief daarop dat slegs kerkgeboue, ensovoorts van die NG Kerk-familie in die Vrystaat ingeskryf mag word – ons het heelwat foto's van kerkgeboue in ander dele van die land ontvang, maar hulle kom ongelukkig nie in aanmerking vir die kompetisie nie. Aangesien dit wil voorkom asof sommige persone nie die onderskeie kategorieë (Kerk in Omgewing/gemeenskap; Argitektuur en simboliek, asook Lig en skadu's), verstaan nie, het ds Barnard Steyn iets oor kreatiewe foto's gedeel, klik **hier** om dit te lees.

4. KURSUSSE/KONFERENSIE/WERKSWINKELS:

PASTORALE BERADINGSKURSUS: 'n Kursus oor Seksuele verslawing word op **Saterdag 1 Augustus 2015** deur prof Wentzel Coetzer te Potchefstroom aangebied. Klik **hier** vir meer besonderhede.

PAIDION KINDERBEDIENING SE EERSTE VRYSTAAT-KONFERENSIE: Weens 'n gewaardeerde borgskap uit die NG Kerk Hospitaalpark, bied Paidion Kinderbediening sy eerste kinderbedieningkonferensie in die Vrystaat aan **op 15 Augustus 2015, GRATIS by die NG Kerk Hospitaalpark**, Bloemfontein. Die Inligtings- en Inskrywingsbrosjure is op Paidion Kinderbediening se webblad by **www.paidionweb.co.za** onder die rubriek *Konferensies* verkrygbaar. **Hierdie konferensie kan ouers, onderwysers, kategeseskole en gemeentes verander! Leraars verdien voorts 5 x VBO-punte**. Die temas is:

- Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir die geloofsvorming van die kind (onder andere oor die rol van die media, skool en ouers in hulle kinders se geloofsvorming);
- Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir gemeentegroei deur kinderbediening;
- Vertoon, verduideliking en demonstrasie van kinderkerk-/ kategesemateriaal; en
- inligting oor die eenjarige Paidion Kinderbediening Sertifikaatkursus.

KAIROS KURSUS: Hierdie kursus is 'n nege-sessie interaktiewe kursus oor wêreldsending. Dit rus lidmate toe en daag hulle uit tot betekenisvolle betrokkenheid in God se sending in die wêreld:

Datum: 16 tot 23 Augustus 2015
Koste: R350pp
Venue: NG Gemeente Bethlehem-Oos
Kontak: Ds André Koenig @ 082 780 4021
Sluitingsdatum vir inskrywings: **Donderdag 13 Augustus 2015**

PROGRAMTYE:
So 16 Augustus: 14:00 – 21:00
Ma 17 Augustus: 18:00 – 21:00
Wo 19 Augustus: 18:00 – 21:00
Do 20 Augustus: 18:00 – 21:00
Vr 21 Augustus: 18:00 – 21:00
Sa 22 Augustus: 08:00 – 16:00
So 23 Augustus: 12:00 – 15:00

BRUGBEDIENINGSKURSUS: Die Sentrum vir Kontekstuele Bediening bied hierdie jaar die volledige Brugbedieningskursus in twee blokke in Bloemfontein aan:

Datum - Week 1: 17 tot 19 Augustus 2015
Datum - Week 2: 9 tot 13 November 2015
Plek: NG Kerk Vrystaat Sinodale Sentrum (Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein)
Aanbieders: Malan Nel, Howard du Toit, Johan van Loggerenberg en Kobus Schoeman
Koste: R 3 000pp (sluit kursusmateriaal en ligte middagete's in)
Verblyf: Gratis verblyf kan op vroegtydige versoek gereël word
Sluitingsdatum: Vrydag 31 Julie 2015
Betaling: NG Kerk OVS, ABSA Tjek 470 000 406
NB! Verwysing: Brug+Voorletters&Van
NB! Faks asseblief bewys van betaling aan 086 502 0818
Kontakbesonderhede: Belangstellendes kan vir Joanie by 051 406 6732 (k), of per e-pos kontak by gemeentes@ngkvs.co.za

KURSUS: ***EEN BYBEL – BAIE MENINGS. HOEKOM VERSKIL ONS SO BAIE VAN MEKAAR?***
Datum: Donderdag 3 September 2015
Plek: NG Kerk Sasolburg - Vier Ankers (Felixstowestraat 1, Sasolburg)
Koste: R200pp

PROGRAM:
09:30 Opening - Manie Kleynhans
09:45 Een Bybel – baie menings (Sessie 1) - Francois Tolmie
10:45 Verversings
11:00 Een Bybel – baie menings (Sessie 2) - Francois Tolmie
12:00 Geld-slim - Eben Smith
13:00 Afsluiting

Registreer asseblief deur teen Vrydag 28 Augustus 2015 u inbetaling te doen by:
Rek naam: NG Kerk Sasolburg -Vier Ankers
Bank: ABSA Sasolburg
Rek nr: 405 114 9247
NB - Verwysing: Leraars+Voorletters+Van (**stuur bewys van betaling per** faks na 016 971 3060 / 976 7501, of per e-pos aan izelsu@mweb.co.za / vierankers@absamail.co.za)
Navrae: Dr Manie Kleynhans, sel 082 895 8286, e-pos izelsu@mweb.co.za

KURSUS IN SPIRITUELE BEGELEIDING: Hierdie kursus word deur die Ring van Suidoos-Pretoria aangebied en begin op **15 Januarie 2015**. Dit is 'n 18-maande kursus en word in sewe blokke van drie dae aangebied. **Aansoeke sluit op Sondag 13 September 2015** en keuring word indien moontlik, op die skriftelike voorleggings gedoen met behulp van referente en onderhoude waar nodig. Die eerste 25 aansoeke word aanvaar en daaruit word 13 gekeur. Meer inligting en navrae kan aan wnicol@mweb.co.za gerig word.

5. ALGEMENE SINODE-NUUS:

- **Dr Gustav Claassen** het die beroep as Algemene sekretaris van die Algemene Sinode aanvaar. Hy begin DV vanaf 1 Oktober 2015 met sy werksaamhede in hierdie kantoor – *hartlik geluk, sukses en seën word vir hom toegebid!*
- **Prof Nelus Niemandt** (moderator van die Algemene Sinode) het onlangs 'n hartomleiding ondergaan – *'n spoedige herstel word vir prof Nelus toegebid.*
- **Dr Ben du Toit** (vorige Parlementêre verteenwoordiger van die Algemene Sinode) en sy vrou Elna se seun is gedurende die skoolvakansie oorlede – *mag die vertroosting en liefde van God, hulle elke dag onderskraag…*

6. NUUSBRIEWE:

LIGDRAERS (NUUSBRIEF VAN VENNOTE IN GETUIENIS - NGKVS): In hierdie uitgawe vertel ds Mias van Jaarsveld, leraar by die NG Gemeente Bethlehem-Wes, meer oor die onlangse uitreik na die Caprivi – lees **hier** meer.

ENGO: In hierdie nuusbrief word die aandag gevestig op armoede wat 'n prioriteit vir die NG Kerk en ENGO is – klik **hier**.

AURORA SENTRUM: Hierdie sentrum in Bloemfontein het onlangs 'n bewusmakingsweek gehad en meer hieroor is in die jongste nuusbrief beskikbaar – klik **hier**.

BYBEL-MEDIA 12/2015: Die fokus is op die jongste *Kerkbode*, die Augustus-uitgawe van *LiG*, asook vyf *Bybelkor*-publikasies wat saak maak – klik **hier**.

7. BEROEPENUUS: **Prop Leonie Pistorius** is op Sondag 21 Junie 2015 **as Tentmakerleraar by die NG Gemeente Langenhovenpark bevestig.**

Ds PC (Phlippie) Pretorius van die NG Gemeente Trompsburg het 'n beroep na die NG Gemeente Fochville-Noord (Sinode Wes-Tvl) aangeneem. Hy het **reeds op Sondag 12 Julie 2015 demissie ontvang** en word op Sondag 26 Julie 2015 in sy nuwe gemeente bevestig.

8. VAKATURES:

- **LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK):** Die **NG Gemeente Petrus Steyn** beskik oor hierdie vakature - die termyn van die pos is drie jaar met die opsie om dit met twee jaar te verleng, klik **hier** vir meer besonderhede. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2015.**
- **TENTMAKERSPOS – NG GEMEENTE VERKEERDEVLEI:** Aansoeke word tans ingewag vir hierdie pos. Klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 31 Julie 2015.**
- **MEDELERAAR – NG GEMEENTE PELLISSIER:** Hierdie vakature is onlangs bekend gestel – klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 4 September 2015**.
- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

9. ALGEMEEN:

PROPONENT BESKIKBAAR VIR AFLOS: Proponent Chris van der Linde is beskikbaar vir aflospreke – kontak hom @ 072 668 9982.

SENSUS 2015: Indien u sou belangstel om in die area waar u woon, behulpsaam te wees met die invul van vraelyste by huishoudings teen vergoeding, kan u vir Hennie Venter van Statistiek SA by 076 420 4116 skakel – **sluitingsdatum is Vrydag 31 Julie 2015.**

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die personeellid, asook leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

24 Julie:

Mev Christa Botes - ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS - 084 501 1009, **inlig@ngkvs.co.za**

Ds Eddie Botha - LEEUWBERG - 051 443 8715, 082 959 4114, **eddiebotha@gmail.com**

27 Julie:
Prof Piet Strauss - DE BLOEM - 051 401 2671 (k), 082 557 3414, **straussp@ufs.ac.za**

28 Julie:
Dr Juppi Steurer - SASOLBURG-FONTEIN - 016 976 6360, 082 375 0403, **steurer@telkomsa.net**

29 Julie:
Ds André van Staden - FICHARDTKRUIN - 051 522 8661, 083 456 6709, **andre@fichardtkruin.co.za**

11. TEN SLOTTE: *Onthou dit wanneer dinge moeilik raak...*

Groetnis, tot volgende week...

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook u gemeente/dorp)

AS U *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier (dit sal 'n fout wees!)

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

SKITTERVROUE - EERSTE NASIONALE VROUEKONFERENSIE IN DIE VRYSTAAT:

VOORLOPIGE PROGRAM:

Vrydag 25 September 2015:

15:00 – 16:00 - Registrasie (Koffie/tee met verversings)

16:00	-	Opening en verwelkoming
		JUBELSANG
16:30 – 18:00	-	Stéphan Joubert (*Welkom Koningin Ester welkom*! - open met Nagmaal)
18:00 – 18:30	-	Aandete
		JUBELSANG
18:30 – 20:00	-	Prof Stéphan Joubert
		JUBELSANG

Verdaag vir 'n goeie nagrus

Saterdag 26 September 2015:

07:00 – 08:00	-	Tee/koffie/sap
08:00 – 08:15	-	**JUBELSANG**
08:15 – 09:30	-	Liesel Krause Wiid
09:30 – 10:15	-	**TEE/KOFFIE**
10:15 – 11:30	-	Prof Stéphan Joubert
11:30 – 12:00	-	**JUBELSANG**
12:00 – 13:00	-	Lindie Strydom
13:00 – 14:00	-	**MIDDAGETE**
14:00 – 15:30	-	Lindie Strydom
16:00 – 16:30	-	**TEE / JUBELSANG**

Sluit af met Liesel Krause Wiid en Lindie Strydom - dames vertrek teen 17:30

TERUG NA INHOUD

KREATIEWE FOTO'S:

Die NG Kerk Familie in die Vrystaat bied 'n Jubeljaar Fotokompetisie aan met die tema "Klippe en Stene Jubel dit uit!" 'n Goeie foto vereis kreatiewe aanvoeling. Die verwagting is dat fotograwe se kreatiwiteit op twee maniere ingespan word:

1. Om die waardigheid van 'n impossante kerkgebou te respekteer en visueel weer te gee, vra onder andere 'n oog vir die estetiese en verbeelding. Die teoloog John de Gruchy skryf: "*The most obvious form of visual art that relates to the church is architecture, for it is through its embodiment in brick and mortar, concrete, steel and glass, amidst the other structures of village, town and city, that the church gives visible evidence of its presence. The church building is a mediating structure between the liturgy and the public square*."
2. Die verwagting is dat fotograwe ook kreatief omgaan met die rykdom van lewe in en om kerkgeboue. In die kategorie, "Kerk in Omgewing / Gemeenskap" verwag ons foto's van skone natuur rondom kerkgeboue, maar ook dalk die skepping wat swaarkry. Die gemeenskap kan mense binne die kerk en rondom die kerkgebou insluit, soos straattonele, kuiers en karwagte. In die kategorie "Argitektuur en Simboliek" kan 'n verskeidenheid simbole oorweeg word soos 'n kruis, preekstoel, musiekinstrumente, kerktoring, gebrandskilderde glas, muur van herinnering, huweliksregister, doopvond en Nagmaalstafel, ook hier kan mense wat aan die simbole meedoen, gefotografeer word.

Opskud! Ons hoop vir 'n hele aantal baie kreatiewe foto's teen die **sluitingsdatum van 31 Julie 2015**. Inligting is beskikbaar by **https://www.facebook.com/events/1531858117036761/** - inskrywings kan by **www.ngkvrystaat.co.za** gedoen word.

TERUG NA INHOUD

PASTORALE BERADINGSKURSUS - SEKSUELE VERSLAWING:

In hierdie kursus word daar veral gefokus op aspekte soos pornografie, internetseks, prostitusie, ensovoorts. Die gevare wat pornografie op die Internet asook op selfone inhou (veral ook vir ons jeug), sal ook aan die orde kom. Ons gaan ook kyk na die diepere aanleidende oorsake, soos onder andere onverwerkte emosionele pyn, wat daartoe bydra dat persone vasgevang raak, asook die vernietigende invloed wat dit op huwelike en verhoudings het. Daar word ten slotte gefokus op die pastorale begeleidingsproses tot heling en herstel van persone wat op een of ander wyse in die strik van seksuele verslawing beland het.

Plek: Studente Hervormde Kerk, Silwerstr 19, Potchefstroom (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 1 Augustus 2015
Tyd: 08:00 – 13:00 (5x VBO punte vir leraars)
GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
Koste: R250pp (egpare R350)
Handleiding te koop (opsioneel): R160 (posgeld R40 ekstra)
Navrae en bespreking: 083660 0409 / 082 577 8810 / 018 294 7457, of e-pos **wentzel7@mweb.co.za**
Fooie kan inbetaal word by: ABSA spaarrek: 9061802135 – takkode: 335138 - Reknaam: SE Coetzer

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – LERAAR (VASTETERMYN, KONTRAK), NG PETRUS STEYN:

Die termyn van die pos is drie jaar met die opsie om dit met twee jaar te verleng:

1. **Gemeenteprofiel:** Die NG Gemeente Petrus Steyn is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Vrystaat, sowat 90 km van Bethlehem, asook 90 km vanaf Sasolburg. Die gemeente het 297 belydende lidmate en 45 dooplidmate wat 'n bejaardesorgsentrum met +-60 inwoners insluit.
2. **Leraarsprofiel:** Hulle is op soek na 'n dinamiese en Geesvervulde leraar wat:
   a) 'n toegewyde gelowige is wat die Here liefhet en dien;
   b) geroepe is vir bediening in 'n plattelandse gemeente en hoë waarde aan huisbesoek heg;
   c) oor leierseienskappe beskik met goeie menseverhoudings wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik;
   d) verdere pligte soos omskryf in Art 9 van die Kerkorde kan verrig en,
   e) 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk is.
3. **Vergoeding:**
   a) 'n Vergoedingspakket sal volgens sinodaleskaal onderhandel word.
   b) Huisvesting is beskikbaar.
4. **Aansoeke:**
   a) Aansoeke moet vergesel word van 'n CV, bestaande uit drie bladsye met verwysings.
   b) Kandidate moet besikbaar wees vir 'n onderhoud en 'n moontlike preekbeurt.
   c) Aansoeke kan gepos word na NG Kerk Petrus Steyn, Posbus 117, Petrus Steyn 9640, of stuur per e-pos na **ngpetrussteyn@gmail.com**, of faks na 058 871 3260.
   d) Verdere navrae kan gerig word aan ouderling Ben Cronjé, sel 078 701 8387, of die Konsulent, ds Marius Barnard, sel 072 601 3488.
5. **Sluitingsdatum:** **31 Julie 2015**, diensaanvaarding so spoedig moontlik na ooreenkoms.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – TENTMAKERSPOS, NG VERKEERDEVLEI:

Enige gelegitimeerde leraar, insluitend emeriti van die NG Kerk is welkom om aansoek te doen. Vergoeding en diensure is onderhandelbaar wanneer die diensoorkoms opgestel word - 'n ruim pastorie is beskikbaar.

Verkeerdevlei is sowat 75 kilometer vanaf Bloemfontein geleë. Die gemeente bestaan uit ongeveer 100 lidmate, waarvan die meerderheid ouer as 50 is. Daar is omtrent 15 (voorskools tot graad 9) kinders in die kategesegroep. Hulle is 'n familiegrootte gemeente wat soos hul leuse dit stel, graag "in Jesus se Voetspore", wil volg. Hulle sien met entoesiasme uit na die volgende fase in die gemeente se pad saam met God.

Aansoeke kan tot Vrydag 31 Julie 2015 per e-pos gestuur word aan bornmanrita@gmail.com.

Vir meer inligting of enige navrae, kontak vir Rita Bornman (saakgelastigde) @ 083 242 9242, of vir Koos Viviers (hoofouderling) @ 082 375 7933.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE MEDELERAAR - NG GEMEENTE PELLISSIER, BLOEMFONTEIN:

Pellissier is ’n vernuwende**,** dinamiese**,** makrogemeente in die suid-weste van Bloemfontein wat ongeveer 5 400 lidmate bedien. Alle belangstellende leraars, wat hulle tuis sal voel in ’n gemeente wat daarin poog om relevant kerk te wees in ’n snel veranderende omgewing, word hiermee uitgenooi om aansoek te doen vir dié pos.

LERAARSPROFIEL: Die geskikte kanditaat is ’n dinamiese gelegitimeerde met bedieningservaring (verkieslik nie ouer as 45 nie), iemand wat hou van kreatiewe eredienste en wat oor goeie kommunikasievaardighede beskik, maklik in spanverband kan saamwerk, goeie pastorale vaardighede het en oor sterk leierseienskappe beskik.

FOKUSAREAS VAN DIE POS:

- Alle fasette van gemeentewerk
- Spesifiek verantwoordelik wees vir die gemeente se omgeegroepbediening

VERGOEDING: Onderhandelbaar volgens die riglyne van die Vrystaat Sinode.

AANSOEKE: E-pos jou CV na ngk@ngkerkpellissier.co.za (indien jy jou MBTI-profiel of enige ander gedragstyl-analise laat doen het, heg asseblief die profiel aan).
Indien jy deel vorm van die kortlys, sal jy gekontak word vir ‘n gestruktureerde keuringsproses, wat ‘n onderhoud op ‘n datum, tyd en plek soos deur die keuringspaneel bepaal, insluit.

SLUITINGSDATUM: Vrydag 4 September 2015.

NAVRAE KAN GERIG WORD AAN: Charles James (Spanleier), 082 322 5484, of **charlesjames@vodamail.co.za**

TERUG NA INHOUD